



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

IMBIZO

***Saam beweeg ons
Suid-Afrika vorentoe***

Afrikaans





President Jacob Zuma het op Donderdag 12 Februarie 2015 die Staatsrede in die Parlement in Kaapstad gelewer.

“Vanjaar 2015 is die jaar van die Vryheidshandves en Eenheid in Aksie om Ekonomiese Vryheid te Bevorder. Hierdie jaar gaan ons ’n tree verder gaan om ’n verenigde, demokratiese, nie-rassige, nie-seksistiese en vooruitstrewende Suid-Afrika te bou. Ons gaan ons vanjaar ook herverbind om rassisme en alle verwante onverdraagsaamhede in ons land uit te roei. Vanjaar gaan ons ook meer belê in die toekoms deur ons kinders en die jeug op te voed oor ons land se ryk erfenis.”
– President Jacob Zuma, Staatsrede, 12 Februarie 2015.

Die President het ’n nege-punt-plan onthul om ekonomiese groei te bevorder en werk te skep, naamlik:

1. ’n Oplossing vir die energie-uitdaging.
2. Herlewing van landbou en die landbouverwerkings-waardeketting.
3. Bevordering van veredeling of die toevoeg van waarde tot ons minerale rykdom.
4. Meer doeltreffende implementering van ’n aksieplan met groter impak vir ’n industriële beleid.
5. Aanmoediging van belegging in die private sektor.
6. Moderering van konflik in die werkplek.
7. Ontsluiting van die potensiaal van klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO’s), koöperasies, township- en landelike ondernemings.
8. Staatshervorming en die bevordering van die rol van maatskappye in staatsbesit; infrastruktuur vir inligtingskommunikasie-tegnologie of die inwerkingstelling van breëband-, water-, sanitasie- en vervoerinfrastruktuur.
9. Operasie Phakisa, wat gemik is op die ontwikkeling van die oseaan-ekonomie en ander sektore.

INDIENSNEMING

Statistieke Suid-Afrika se indiensnemingsyfers vir die laaste kwartaal van 2014 het getoon dat daar 15,3 miljoen mense in Suid-Afrika in diens is. Werkgeleenthede het met 203 000 toegeneem.

Ons belegging in die jeug werp ook vrugte af. Die wetgewing oor belastingaansporing vir werkskepping wat verlede jaar bekend gestel is en hoofsaaklik op die jeug gerig is, vorder baie goed. Sowat R2 miljard is tot op hede deur sowat 29 000 werkgewers vir ten minste 270 000 jong mense geëis.

Die Regering het tot dusver 850 000 werkgeleenthede geskep, met ’n teiken van ses miljoen werkgeleenthede oor vyf jaar. Dit beteken ons is op koers om die jaarlikse teiken van een miljoen werkgeleenthede te bereik.



Daarbenewens het omgewingsprogramme, soos Werk op Afval, Werk vir Vleilande, Werk vir Water en Werk op Vuur, meer as 30 000 werkgeleenthede geskep en die mikpunt is om meer as 60 000 in die volgende finansiële jaar te skep.

ENERGIE



Die Regering doen alles in sy vermoë om 'n oplossing vir die energietekort in die land te vind.

Die Regering het 'n plan ontwikkel wat antwoorde op die kort-, medium- en langtermyn sal verskaf.

Die kort- en mediumtermynplanne behels:

- verbeterde instandhouding van Eskom-kragstasies
- verbetering van kragopwekkingskapasiteit
- bestuur van die vraag na elektrisiteit.

Die langtermynplan behels die finalisering van ons meesterplan vir langtermyn-energiesekerheid. As prioriteit gaan ons Eskom se finansies stabiliseer sodat die energieverkaffer die huidige situasie kan bestuur. In dié verband sal die Regering sy verbintenis nakom om Eskom sowat R23 miljard in die volgende fiskale jaar te gee.

Die Strategiekomitee oftewel die “war room” wat in Desember deur die Kabinet in die lewe geroep is, werk dag en nag saam met Eskom om die elektrisiteitstoevoerstelsel te stabiliseer en beurtkrag te beperk.

ALTERNATIEWE ENERGIEBRONNE

Omdat die koste van diesel so hoog is, is Eskom aangesê om van diesel na gas oor te skakel as 'n bron van energie vir sy kragopwekkers. Huishoudings word ook aangemoedig om van elektrisiteit na gas oor te skakel vir kook, verhitting en ander huishoudelike gebruike. Die konstruksie van die drie nuwe kragstasies by Kusile, Medupi en Ingula sal kapasiteit van 10 000 megawatt tot die nasionale netwerk toevoeg.



Tot op hede het die Regering 4 000 megawatt van onafhanklike kragverskaffers wat hernubare energiebronne gebruik, aangekoop. Die eerste drie bodperiodes vir die hernubare energieverkrygingsproses het meer as R140 miljard van private beleggers gelok.

Altesaam 3 900 megawatt hernubare energie is ook verkry, waarvan 32 projekte met 'n kapasiteit van net meer as 1 500 megawatt voltooi is en aan die netwerk verbind is. Eskom self het die konstruksie van die Sere-windplaas, wat reeds 100 megawatt se krag opwek, lank voor die beoogde bekendstelling in Maart vanjaar voltooi.

Die Regering het in Desember 2014 begin met die verkryging van 2 400 MW van nuwe steenkool-aangedrewe kragopwekkingskapasiteit van onafhanklike kragopwekkers. Die verkrygingsproses vir 2 400 megawatt nuwe gasaangedrewe krag sal in die eerste kwartaal van die nuwe finansiële jaar begin.

Altesaam 2 600 MW hidroëlektriese kragkapasiteit sal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap verkry word.

ENERGIEMENGSEL

Met betrekking tot die langtermyn-energiemeesterplan, sal ons na gas, petroleum, kern-, hidrokrags en ander bronne as deel van die energiemengsel kyk.

Die Regering ondersoek ook die verkryging van die 9 600 MW-kernkragprogram soos goedgekeur deur die Geïntegreerde Hulpbronplan 2010–2030. Die Regering het interregeringsooreenkomste onderteken en verskaffervoorleggingsessies gehou.

Die Verenigde State van Amerika, Suid-Korea, Rusland, Frankryk en China het hul voorstelle oor kernkrag voorgelê.

Al hierdie lande sal betrokke wees by 'n regverdige, deursigtige en mededingende verkrygingsproses om 'n strategiese vennoot of vennote te kies om die kernkragprogram te onderneem. Ons doelwit is om die eerste eenheid teen 2023 aan die netwerk te koppel, net betyds vir Eskom om van sy verouderde kragsentrales te sluit.

Wat hidrokrags betref, sal die Grand Inga hidroëlektriese projek in vennootskap met die Demokratiese Republiek van die Kongo meer as 48 000 MW skoon hidroëlektrisiteit opwek. Suid-Afrika sal toegang tot meer as 15 000 MW hê.





ONDERSTEUNING VIR MUNISIPALITEITE

Befondsing vir elektrifisering is in die 2015/16 finansiële jaar aan die volgende munisipaliteite voorsien:

- Amathole-distriksmunisipaliteit, Alfred Nzo-distriksmunisipaliteit, OR Tambo-distriksmunisipaliteit en Lukhanji plaaslike munisipaliteit in die Oos-Kaap, en Umzinyathi-distriksmunisipaliteit in KwaZulu-Natal.

Daar is steeds 3,4 miljoen huishoudings in die land wat nie elektrisiteit het nie.

GRONDHERVORMING

Meer as 36 000 grondeise is nasionaal ingedien sedert die Regering die geleentheid vir die indiening van grondeise in 2014 heropen het. Die afsnydatum vir aansoeke is 2019.

Ons ondersoek ook die 50/50-beleidsraamwerk, wat relatiewe regte vir mense wat op plase woon en werk, voorstel. 50 boerdery-ondernemings sal as 'n loodsprojek geïdentifiseer word. Ooreenkomstig ons nuwe voorgestelde wette sal 'n plafon vir grondbesit op 'n maksimum van 12 000 hektaar bepaal word.

Buitelandse burgers sal nie toegelaat word om grond in Suid-Afrika te besit nie, maar sal in aanmerking kom vir 'n langtermyn-huurkontrak.

Die Konsepwet op die Regulering van Grond sal vanjaar in die Parlement ter tafel gelê word. Deur die Grondhervormingsprogram is meer as 90 000 ha grond aan kleinboere, plaasbewoners en huurarbeiders toegeken.

Ooreenkomstig die Wet op Eiendomswaardering is die proses om die Kantoor van die Waardeerder-generaal te vestig, goed op dreef. Sodra dit geïmplementeer is, sal die wet 'n einde maak aan die gewillige koper, gewillige verkoper as 'n metode vir die verkryging van grond deur die staat.

LANDBOU



Landbou is 'n katalisator vir groei en voedselsekerheid. Die Regering werk saam met die private sektor om 'n lanboubeleid-aksieplan te ontwikkel, wat een miljoen hektaar onderbenutte grond oor die volgende drie jaar in volle produksie sal bring.

Onder die belangrikste tussenkomste vanjaar sal ons die vestiging van landbouparkke of koöperasies en saamwerksgroepe in elk van die 27 armste distriksmunisipaliteite bevorder om landelik ekonomieë te transformeer.





Aanvanklike befondsing van R2 miljard is beskikbaar gestel vir die landboupark-inisiatief. Die Regering gaan ook landbouverwerkings-uitvoerprodukte, wat veral na nuwe markte in Afrika en China vinnig uitgebrei het, verder verbeter. Ons het byvoorbeeld landbouhandelsprotokolle vir die uitvoer van Suid-Afrikaanse mielies en appels na China gesluit. Die uitvoer van appels alleen sal na verwagting R500 miljoen in buitelandse valuta oor drie jaar inbring.

OPKOMENDE BOERE EN KLEINBOERE

In die Vhembe-distriksmunisipaliteit in Musina het die provinsiale regering van Limpopo die Nwanedi-saamwerksgroep, wat uit 300 boere bestaan, wat groente op net meer as 1 300 hektaar vir handelsdoeleindes kweek, ondersteun. Die saamwerksgroep het reeds meer as 2 500 werkgeleenthede geskep aangesien groenteboerdery hoogs arbeidsintensief is.

VERVAARDIGING

Ons motorbeleggingskema het in 2013 beleggings ter waarde van R24,5 miljard van die private sektor ontsluit en uitvoer van motors en motorkomponente ter waarde van R103 miljard bewerkstellig.

Ons het 'n wêreldklasmotorsektor op die vasteland van Afrika gebou, wat na meer as 152 lande uitvoer. Die leer- en skoeiselsektor het ook tot 60 miljoen pare skoene gegroei en uitvoer het met 18% gegroei, wat 'n beduidende voordeel vir die handelsbalans beteken.

Die Regering het meer as R2,8 miljard aan maatskappye in die sektor toegesê, deur die Program vir die Verbetering van Mededingendheid in die Vervaardigingsektor. Op sy beurt, het vervaardigers meer as R12,4 miljard in die private sektor belê.



MYNBOU

Die implementering van 'n aantal programme onder die Raamwerk-ooreenkoms vir 'n Volhoubare Mynbedryf het gesorg vir relatiewe stabiliteit en optimisme in die mynbousektor – die ruggraat van ons ekonomie.

Misdaadbestedingsforums vir myne is in Noordwes, Limpopo, die Vrystaat, Mpumalanga en Gauteng gevestig. Die Regering sal die ooreenkomste wat met die sakewêreld en die arbeidsektor aangegaan is, wat die oorweging van 'n nasionale minimumloon sal insluit, implementeer.

NUWE LEWE VIR MYNDORPE

Altesaam R2,1 miljard se omheinings vir hierdie doel is reeds opgerig en R290 miljoen is goedgekeur vir opgradering van informele nedersettings in Mpumalanga, Noordwes, Gauteng, die Noord-Kaap, Limpopo en die Vrystaat.





Sowat 133 informele nedersettings word deur die Nasionale Ondersteuningsprogram vir Opgraderings geassesseer of vir opgradering voorberei. Sowat 32 nedersettings word opgegradeer en 87 behuisingsprojekte word in die prioriteitsmyndorpe, geïmplementeer.

Die Regering, die mynbousektor en die Bankvereniging van Suid-Afrika het 'n maatskaplike kontrak vir die ontwikkeling van volhoubare menslike nedersettings geteken.

Die Regering voorsien ook steeds maatskaplike ontwikkelingsbystand in mynbougemeenskappe. Ander bystand sluit in tegniese kundigheid met betrekking tot geïntegreerde ontwikkelingsplanne en die ontwikkeling van spesiale ekonomiese sones.

Die myndorpe word ook bygestaan met die implementering van die 'Terugkeer na Basiese Waardes' munisipale diensleweringstrategie. Die Regering hersien ook mynmaatskappye se nakoming van die teikens vir die 2014-mynbouhandves.

In reaksie op versoeke van die sakesektor het die Regering omgewingsimpakstudies en aansoeke vir water- en mynregte gesinchroniseer en 'n maksimum van 300 dae vir die uitreiking van al hierdie magtigings gestel. Die Regering sal ook 'n een-stop interdepartementele klaringshuis vestig om klagtes van beleggers aan te hoor.

ARBEIDSVERHOUDINGE

Die Departement van Arbeid sal die sektorale vasstellings van landbou, bosbou, en private sekuriteit, asook die groot- en kleinhandelsektore hersien. Ons verwag dat die Wet op Werkverskaffingsdienste van 2014, wat formeel 'n openbare werkverskaffingsdiens vestig, gefinaliseer sal word.

Die wetgewing reguleer ook formeel die praktyke van private werkverskaffingsburo's en tydelike werkverskaffingsdienste, om die misbruik van niksvermoedende werksoekers te voorkom.

Daarbenewens sal die Wet op Werkloosheidsversekering van 2001 gewysig word om voordele aan begunstigdes te verbeter en sluit staatsamptenare in die toepassing van die wet in.

KLEINSAKE

Die Regering sal 30% van toepaslike kategorieë van staatsverkryging opsysit vir die aankoop van klein-, medium en mikroöndernemings en koöperasies, asook township- en landelike ondernemings.

BEVORDERING VAN JEUGONDERNEMINGS

Die Regering sal ook voortgaan om geleenthede vir die jeug te skep. Die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap het in die vorige finansiële jaar R25 miljoen aan 765 mikroöndernemings wat in besit van jongmense is, landwyd uitbetaal.

Die agentskap het ook 'n vennootskap met die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en die Finansiële Agentskap vir Klein Ondernemings gesluit in die vorm van 'n driedelige vennootskap wat tot 'n R2,7 miljard-fonds vir jong mense geleë het.

INFRASTRUKTUUR

Die Nasionale Infrastruktuur-ontwikkelingsprogram is steeds 'n belangrike werkskepper en katalisator vir ekonomiese groei.

Water is 'n kritieke hulpbron vir ekonomiese groei en 'n beter lewensgehalte. Verskeie projekte wat op die verskaffing van water vir industriële en huishoudelike gebruik gemik is, is in die implementerings- of beplanningsfase regoor die land.





Groot projekte sluit in die Umzimvubu-waterprojek in die Oos-Kaap en Jozini-dam in Umkhanyakude in KwaZulu-Natal, asook projekte in Bosbokrand in Mpumalanga en fase een van die Mokolo Krokodil-watervsterkingsprojek in Limpopo.

Vordering word gemaak met die verbetering van watertoevoer na gebiede wat deur tekorte geraak word, soos die Makana-distriksmunisipaliteit in die Oos-Kaap, die Ngaka Modiri Molema-distriksmunisipaliteit in Noordwes, en Giyani in Limpopo waar ons die lewering van water aan 55 dorpe in Oktober verlede jaar gevier het.

IMPLEMENTERING VAN BREËBANDINTERNET

Die jaar 2015 is die begin van die eerste fase van die implementering van breëband. Die Regering sal kantore in agt distriksmunisipaliteite koppel. Dit sluit in Dr Kenneth Kaunda in Noordwes, Gert Sibande in Mpumalanga, OR Tambo in die Oos-Kaap, Pixley ka Seme in die Noord-Kaap, Thabo Mofutsanyane in die Vrystaat, Umgungundlovu en Umzinyathi in KwaZulu-Natal, en Vhembe in Limpopo.

President Zuma sê die Regering het ook besluit om Telkom aan te wys as die voorkeurvennoot om te help met die implementering van breëbandinternet.

WATERBEWARING

Die Regering moedig alle landsburgers aan om water te bespaar. Elke druppel tel. Die land verloor R7 miljard per jaar weens waterverliese. Om hierdie uitdaging aan te pak, sal die Regering deur die Departement van Waterwese en Sanitasie, 15 000 vakmanne of loodgieters oplei wat lekkende krane in hul plaaslike gemeenskappe sal herstel.

PADINFRASTRUKTUUR



Die Departement van Vervoer sal sowat R9 miljard aan die onderhoudtoelae vir provinsiale paaie of die Sihamba Sonke-program bestee en R11 miljard aan die opgradering en instandhouding van paaie wat nie aan tolgeld onderhewig is nie.

Meer as R6 miljard sal in hierdie finansiële jaar in 13 stede bestee word om geïntegreerde openbare vervoer-netwerke te beplan, te bou en te bedryf.





SKOOLINFRASTRUKTUUR

Ons sal ook voortgaan om die infrastruktuur in skole en instellings vir hoër onderwys te verbeter om 'n bevordelike omgewing vir leer en onderrig te skep.

Deur die Inisiatief vir Versnelde Lewering van Skoolinfrastruktuur, wat deel is van die Nasionale Infrastruktuurplan, is 92 nuwe skole tot op hede voltooi en 108 is in aanbou.

Sowat 351 skole het behoorlike sanitasie gekry en 288 het elektrisiteit gekry. Die Regering het 16 terreine vir die bou van 12 nuwe tegniese en professionele onderwys- en opleidingskollege-kampusse en die opknapping van twee bestaande kampusse geïdentifiseer.

Werk gaan ook voort om die drie splinternuwe universiteite, Sol Plaatje in die Noord-Kaap, die Universiteit van Mpumalanga en die Sefako Makgatho Universiteit vir Gesondheids- en Verwante Wetenskappe, te vestig.

BEHUISING VIR DIE NASIE

Die Regering sal voortgaan om huise te lewer. Teen 30 September 2014 is altesaam meer as 50 000 huise in die subsidie- en bekostigbare behuisingsektore gelever. Die Regering sal ook 5 000 behuisingsgeleenthede vir militêre veterane voorsien. Hierbenewens werk die Regering ook om die agterstand van titelaktes vir voor- en ná-1994-behuisingsvoorraad uit te wis.

OPERASIE PHAKISA

Die Regering het innoverende programme bekend gestel om die Nasionale Ontwikkelingsplan te implementeer. Operasie *Phakisa* is 'n resultaat-gedrewe laboratoriumbenadering tot beplanning en uitvoering van programme. Met betrekking tot die oseaan-ekonomie is Operasie *Phakisa* gemik op die ontsluiting van geleenthede in die skeep-, vissery-, akwakultuur-, mynbou-, olie-en-gas-, biotegnologie- en toerisme-sektore.

As deel van die Operasie *Phakisa*-inisiatief is ons verbind tot 'n R9,2 miljard-belegging in gas- en olie-eksplorاسية in die Saldanhabaai-hawe. Die Operasie *Phakisa*-inisiatief vir die Opgradering van die Ideale Kliniek is gemik op die bevordering van doeltreffendheid en professionaliteit in klinieke.

Die Regering gaan voortaan Operasie *Phakisa* in die mynbousektor ondersoek en met die mynbousektor saamwerk om wen-wen-oplossings tot voordeel van die land se mineralehulpbronne te vind.



GESONDHEID

Oor die afgelope vyf jaar het die Regering beduidende vooruitgang ten opsigte van gesondheidsorg gemaak. Ons gaan vanjaar 'n reuseprogram van stapel stuur om tuberkulose (TB) hok te slaan, wat veral op drie groepe sal fokus: misdadigers in die gevangenis, mynwerkers en gemeenskappe in myndorpe.





As deel van die stryd teen MIV en vigs is die staatsbeheerde farmaseutiese maatskappy, Ketlaphela, gestig wat sal help om antiretrovirale middels aan die Departement van Gesondheid te verskaf.

BEWEGING VIR GESONDHEID-DAG

In dié verband sal ons op 10 Mei, die Beweging vir Gesondheid-dag, 'n internasionale inisiatief deur die Wêreld-gesondheidsorganisasie, vier. Die dag val saam met die herdenking van die inhuldiging van voormalige President Nelson Mandela as Suid-Afrika se eerste demokraties verkose president in 1994.

DIE STRYD TEEN MISDAAD EN KORRUPTIE

Ons maak vordering in die stryd teen misdaad teen vroue en kinders. Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) se Ondersoekende Eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Misdrade het tot 659 lewenslange vonnisse vir oortreders wat misdade teen vroue en kinders gepleeg het, gelei.

Hoewel die demokratiese staat gemeenskappe se reg erken om te betoog, doen die Regering 'n beroep dat sodanige betogings binne die raamwerk van die wet val en vreedsaam verloop soos in die Grondwet vervat.

Die polisie het 13 575 aangemelde betogings suksesvol onder beheer gebring; dit het 1 907 onrus-verwante en 11 668 vreedsame voorvalle ingesluit.

KORRUPTIE

Die Teenkorruptie Interministeriële Komitee gaan voort om die stryd teen korruptie te versterk.

Die Regering het sewe teenkorruptie-instellings en 17 wette in plek wat daarop gemik is om korruptie te bestry.

In die 2013/14 finansiële jaar is 52 mense skuldig bevind in sake waarby meer as R5 miljoen betrokke was.

In die eerste kwartaal van 2014/15 is 31 staatsamptenare skuldig bevind en bevriesingsbevele ter waarde van R430 miljoen verkry.

Om korruptie te voorkom en etiese regeringsbestuur te bevorder, het President Zuma in Desember die Wet op Openbare Administrasie en Bestuur onderteken, wat staatsamptenare onder meer verbied om sake met die staat te doen.





RENOSTERSTROPERY

Die Kabinet het kragtige en geïntegreerde ingrypings goedgekeur om die bese aanslag van renosterstropery in die land te bekamp. Die ingrypings sluit in deurlopende gesamentlike operasies met sleutel-buurlande, verbeterde intelligensie-insameling en verbeterde beskermingsmaatreëls in parke en provinsiale reserwate waar renosters teenwoordig is.

GRENSBEHEER EN SLIM ID-KAARTE

Die Regering het ook beduidende vooruitgang gemaak in die vestiging van 'n Agentskap vir Grensbestuur om alle grensposte te bestuur en veiligheid te verbeter.

Om toegang tot identiteitsdokumente te verbeter, sal burgers van vanjaar af vir nuwe slim ID-kaart by hul plaaslike bank kan aansoek doen danksy vennootskappe tussen die Departement van Binnelandse Sake en sekere banke in die land.

BOU VAN 'N ONTWIKKELINGS- EN BEKWAME STAAT

In die 2014-Staatsrede het President Zuma gesê die Regering sal voortgaan om die lewens van mense met gestremdhede te verbeter en hul belange te bevorder. In Desember verlede jaar het die Kabinet die konsep Nasionale Beleid vir die Regte van Gestremdes vir openbare kommentaar vrygestel.

TERUGKEER NA BASIESE WAARDES

Die Regering het die "Terug na Basiese Waardes"-program bekengestel om goeie regeringsbestuur en doeltreffende administrasie te bevorder deur vermorsing uit te skakel, openbare fondse verstandig te bestee, bekwame personeel aan te stel, en deursigtigheid en aanspreeklikheid in munisipaliteite te verseker.

Die Kabinet het sedertdien die Geïntegreerde Stedelike Ontwikkelingsraamwerk wat in Junie verlede jaar aangekondig is, goedgekeur.

'N BETER AFRIKA EN 'N BETER WÊRELD



Om by te dra tot die bou van 'n beter Afrika, het Suid-Afrika vrede, veiligheid en plaaslike ekonomiese integrasie in die vasteland ondersteun. Die Kapasiteit vir Intermediêre Reaksie op Krisisse in Afrika (KIRKA), waarvan Suid-Afrika 'n bydraende en stigterslid is, is nou in werking.

Die SANW en SAPD gaan steeds ywerig bydra tot die voorkoming van konflik en om vrede op die vasteland te bewaar. Suid-Afrika het ook konflikoplossingsinisiatiewe, wat deur Adjunkpresident Cyril Ramaphosa gelei is, in Lesotho, Sri Lanka en Suid-Soedan ondersteun.

Ekonomiese samewerking met ons BRICS-vennote is versterk met die eerste twee interregeringsooreenkomste wat tydens die sesde BRICS-beraad in Brasilië in Julie 2014 gesluit is.

Dit was die Ooreenkoms oor die Nuwe Ontwikkelingsbank en die Verdrag tot die Stigting van 'n Voorwaardelike Reserwe-ooreenkomms. Lande van die ontwikkelde noorde bly belangrike strategiese vennote vir Suid-Afrika waardeur die land in staat is om sy nasionale en buitelandse beleid te bevorder.

Suid-Afrika het 'n waardevolle vennootskap met die Europese Unie in onder meer die Infrastruktuur-beleggingsprogram vir Suid-Afrika ter waarde van ongeveer R1,5 miljard.

Die verlenging van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika tot ná September 2015 en 'n belofte om vredesinisiatiewe op die vasteland wat deur Afrika gelei word te ondersteun, is onder die belangrike uitkomst van die Verenigde State-Afrika-Leiersberaad wat verlede jaar in die VSA gehou is.

Op 'n multilaterale vlak is 2015 die 70ste herdenking van die Verenigde Nasies, wat die behoefte aan transformasie van die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad en ander internasionale instellings onder die vergrootglas plaas.

HERBEGRAWE VAN NASIONALE HELDE

Nasionale bevrydingshelde Moses Kotane en JB Marks sal in Maart in Suid-Afrika herbegrawe word. Ons dank die Regering en die mense van die Russiese Federasie dat hulle ons helde se stoflike oorskot vir soveel jare met waardigheid versorg het.



“Gedurende die jaar waarin ons op die Vryheidshandves en Eenheid in Aksie om Ekonomiese Vryheid te Bevorder, fokus, herverbind ons ons tot eenheid en harde werk om deurlopende sukses in ons pragtige land te verseker.”

– President Jacob Zuma, Staatsrede, 12 Februarie 2015.



HULPLYNE

Die Regering het verskeie departemente, dienste en programme wat kan help om jong mense se lewens te verbeter.

Departement van Hoër Onderwys en Opleiding	0800 87 2222
Sentrale Aansoekhuis	0860 35 66 35
Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap	0800 52 52 52
Kleinsake-ontwikkelingsagentskap	0860 103 703
Stop Misdaad	08600 10111
Menslike Nedersettings	0800 146 873
Grondregtebewustheid en Uitsettings	0800 007 095
Eskom	086 003 7566
Nasionale Teenkorruptsieforum	0800 701 701
MIV en vigs	0800 012 322

**PRESIDENSIËLE
BLITSLYN:
17727**



GCIS SE PROVINSIALE DIREKTEURE

PROVINSIE	DIREKTEUR	TELEFOON	E-POS
Vrystaat	Mnr. Tshenolo Mokeyane	051 448 4504	Tshenolo@gcis.gov.za
KwaZulu-Natal	Mev. Ndala Mngadi	031 301 6787	Ndala@gcis.gov.za
Gauteng	Mnr. Peter Gumede	011 834 3560	PeterG@gcis.gov.za
Noord-Kaap	Mnr. Marius Nagel	053 832 1378	MariusN@gcis.gov.za
Oos-Kaap	Mnr. Ndlelantle Pinyana	043 722 4903	Ndlelantle@gcis.gov.za
Limpopo	Mnr. Thanyani Ravhura	015 291 4689	Thanyani@gcis.gov.za
Mpumalanga	Mnr. Tiisetso Ramotse	013 753 2397	Tiisetso@gcis.gov.za
Noordwes	Mnr. Mareka Mofokeng	018 381 7071	Mareka@gcis.gov.za
Wes-Kaap	Mnr. Louis Botha	021 697 0145	LouisB@gcis.gov.za





Saam beweeg ons Suid-Afrika vorentoe

